# HOOFSTUK 7

# AANBIEDING VAN DIE RESULTATE VAN DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

## 7.1 Inleiding

In hoofstuk ses is die metode van ondersoek wat in die empiriese navorsing gebruik, is omskrywe. In hierdie hoofstuk sal die resultate van die empiriese ondersoek in tabelvorm aangebied word. Die tabelle dui die verskille op die stanegeskaal tussen toets en hertoets in persentasies aan met betrekking tot elke subtoets van die Prentemotiveringstoets en die Inter-persoonlike Verhoudingsvraelys. In die geval van die IPAT-angsskaal word die verskille op dieselfde wyse maar in stiene aangedui, aangesien die roupunte in die geval van die IPAT in stiene genormeer is.

Die tabelle is selfverklarend; desnieteenstaande sal betekenisvolle tendense by elke tabel kortliks bespreek word. Die kumulatiewe positiewe persentasie, die kumulatiewe negatiewe persentasie en die kumulatiewe persentasie toetslinge wat geen beduidende verskil getoon het nie, verskyn in swart druk op elke tabel.

Die subtoets van elke toets hou verband met mekaar, maar is tog onafhanklik van mekaar in dié opsig dat elke subtoets 'n spesifieke faktor meet wat nie deur die ander gemeet word nie.

## 7.2 Die resultate van die Prentemotiveringstoets

Die persentasies wat op alle tabelle wat hierna volg verskyn, is deur die standaard rekenaar van die statistiese konsultasiediens van die Potchefstroomse Universiteit benader tot twee desimale syfers. As persentasies dus kumulatief bereken word, is dit moontlik dat die totaal nie presies honderd persent sal wees nie. 'n Verskil van hoogstens 0,1 % mag na beide kante toe voorkom.

### 7.2.1 Die eerste groep subtoetse

Die eerste vyf toetse van die PMT word deur die opstellers beskou as die belangrikste komponente van motivering in die skoolsituasie en die resultate word in die volgende vyf tabelle gegee. By die bespreking van al die resultate vervat in tabelle sal die seuns se tellings deurgaans eerste genoem word.

#### *7.2.1.1 Kognitiewe struktuur*

Tabel: 7.1 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *1. Kognitiewe struktuur*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 17 | 15,3 | 15,3 | 15 | 15,8 | 15,8 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 14 | 12,6 | 27,9 | 13 | 13,7 | 29,5 |
| –5 | 3 | 2,7 | 2,7 | 1 | 1,1 | 1,1 | 3 | 12 | 10,8 | 38,7 | 12 | 12,6 | 42,1 |
| –4 | 2 | 1,8 | 4,5 | 2 | 2,1 | 3,2 | 4 | 10 | 9,0 | 47,7 | 2 | 2,1 | 44,2 |
| –3 | 4 | 3,6 | 8,1 | 4 | 4,2 | 7,4 | 5 | 3 | 2,7 | 50,4 | 3 | 3,2 | 47,4 |
| –2 | 10 | 9,0 | 17,1 | 7 | 7,4 | 14,7 | 6 | – | – | – | 2 | 2,1 | 49,5 |
| –1 | 14 | 12,6 | 29,7 | 14 | 14,7 | 29,5 | 7 | 2 | 1,8 | 52,2 | – | – | – |
| Geen | 20 | 18,0 | 18,0 | 19 | 20,0 | 20,0 | 8 | – | – | – | 1 | 1,1 | 50,6 |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

Kognitiewe struktuur behels daardie eienskap by mense wat onsekerheid uit die weg wil ruim en alle vrae volledig beantwoord wil hê. Dit vermy raaiery en werk presiesheid, duidelikheid en akkuraatheid in die hand (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 3).

Tabel 7.1 toon dat in 52,2% gevalle by die seuns en in 50,6% gevalle by die meisies die skool daarin geslaag het om hierdie aspek van motivering betekenisvol te versterk. Daar is ook 'n opvallende ooreenkoms by die aantal toetslinge wat 'n negatiewe verskil getoon het, naamlik 29,7% by seuns en 29,5% by meisies.

### *7.2.1.2 Aggressie*

Tabel: 7.2 Prentemotiveringstoets. Subtoets: 2. *Aggressie*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 19 | 17,1 | 17,1 | 7 | 7,4 | 7,4 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 12 | 10,8 | 27,9 | 11 | 11,6 | 19,0 |
| –5 | – | – | – | 1 | 1,1 | 1,1 | 3 | 9 | 8,1 | 36,0 | 9 | 9,5 | 28,5 |
| –4 | 4 | 3,6 | 3,6 | 4 | 4,2 | 5,3 | 4 | 2 | 1,8 | 37,8 | 4 | 4,2 | 32,7 |
| –3 | 5 | 4,5 | 8,1 | 7 | 7,4 | 12,6 | 5 | 5 | 5,4 | 43,2 | 3 | 3,2 | 35,9 |
| –2 | 16 | 14,4 | 22,5 | 10 | 10,5 | 23,2 | 6 | – | – | – | – | – | – |
| –1 | 14 | 12,6 | 35,1 | 13 | 13,7 | 36,8 | 7 | 1 | 0,9 | 44,1 | 1 | 1,1 | 37,0 |
| Geen | 23 | 20,7 | 20,7 | 25 | 26,3 | 26,3 | 8 | – | – | – | – | – | – |
| Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | | |

Aggressie dui op die wil om weerstand kragdadig te oorkom en die durf om vir regte te veg en weerstand te bied waar dit vereis word. Dit werk lamsakkigheid en selfbejammering teë (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 3). Uit tabel 7.2 is dit duidelik dat in 44,1% gevalle by seuns en 37% gevalle by meisies daarin geslaag is om die leerlinge daartoe te bring om meer op hulle eie vermoëns om hulself te help staat te maak, eerder as om op ander te leun vir die oplossing van hulle probleme, terwyl die teenoorgestelde van toepassing is op die 35,1% seuns en die 36,8% meisies wat negatief op hierdie komponent van motivering getoets het.

### *7.2.1.3 Skolastiese prestasie*

Skolastiese prestasie verwys in die onderstaande tabel na die wil om in skoolvakke te presteer, om nuwe werk te bemeester, om huiswerk getrou te doen en goeie punte in eksamens te behaal (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 3). Dit blyk uit tabel 7.3 dat by 52,2% van die seuns en 63,1% van die meisies daarin geslaag is om die toetslinge se gemotiveerdheid betekenisvol te verhoog gedurende die proeftydperk van een jaar. Die verwagting is daarom dat met behulp van terapeutiese gesprekke met die leerlinge deur skoolsielkundiges en aanmoediging deur onderwysers, – hierdie aspek van motivering behoort te verbeter tydens die leerling se totale verblyf in die skool.

Tabel: 7.3 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *3. Skolastiese prestasie*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 16 | 14,4 | 14,4 | 18 | 18,9 | 18,9 |
| –6 | 1 | 0,9 | 0,9 | – | – | – | 2 | 16 | 14,4 | 28,8 | 10 | 10,5 | 29,4 |
| –5 | 1 | 0,9 | 1,8 | – | – | – | 3 | 13 | 11,7 | 40,5 | 15 | 15,8 | 45,2 |
| –4 | 4 | 3,6 | 5,4 | 2 | 2,1 | 2,1 | 4 | 2 | 1,8 | 42,3 | 11 | 11,6 | 56,8 |
| –3 | 7 | 6,3 | 11,7 | 3 | 3,2 | 5,3 | 5 | 8 | 7,2 | 49,5 | 4 | 4,2 | 61,0 |
| –2 | 5 | 4,5 | 16,2 | 8 | 8,4 | 13,7 | 6 | 3 | 2,7 | 52,2 | 2 | 2,1 | 63,1 |
| –1 | 14 | 12,6 | 28,8 | 10 | 10,5 | 24,2 | 7 | – | – | – | – | – | – |
| Geen | 21 | 18,9 | 18,9 | 12 | 12,6 | 12,6 | 8 | – | – | – | – | – | – |
| | Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | |

### *7.2.1.4 Affiliasie*

Tabel: 7.4 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *4. Affiliasie*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 18 | 16,2 | 16,2 | 13 | 13,7 | 13,7 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 17 | 15,3 | 31,5 | 14 | 14,7 | 28,4 |
| –5 | – | – | – | 1 | 1,1 | 1,1 | 3 | 9 | 8,1 | 39,6 | 17 | 17,9 | 46,3 |
| –4 | 5 | 4,5 | 4,5 | 3 | 3,2 | 4,2 | 4 | 8 | 7,2 | 46,8 | 5 | 5,3 | 51,6 |
| –3 | 4 | 3,6 | 8,1 | 4 | 4,2 | 8,4 | 5 | 1 | 0,9 | 47,7 | 1 | 1,1 | 52,7 |
| –2 | 9 | 8,1 | 16,2 | 9 | 9,5 | 17,9 | 6 | 1 | 0,9 | 48,6 | 2 | 2,1 | 54,8 |
| –1 | 15 | 13,5 | 29,7 | 14 | 14,7 | 32,6 | 7 | 2 | 1,8 | 50,4 | 1 | 1,1 | 55,9 |
| Geen | 21 | 18,9 | 18,9 | 11 | 11,6 | 11,6 | 8 | 1 | 0,9 | 51,3 | – | – | – |
| | Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | |

Hierdie subtoets meet die vermoë van die leerling om met ander te kommunikeer, vriendskapsbande te sluit, toegeneentheid van ander te wen en lojaal te wees teenoor maats en vriende (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 4). Tabel 7.4 toon dat 51,3% seuns en 55,9% meisies daarin geslaag het om hierdie eienskap uit te bou gedurende hul verblyf in die kinderwetskool.

### *7.2.1.5 Volharding*

Tabel: 7.5 Prentemotiveringstoets. Subtoets: 5. *Volharding*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 23 | 20,7 | 20.7 | 21 | 22,1 | 22,1 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 17 | 15,3 | 36.0 | 12 | 12,6 | 34,7 |
| –5 | – | – | – | – | – | – | 3 | 6 | 5,4 | 41,4 | 7 | 7,4 | 42,1 |
| –4 | 3 | 2,7 | 2,7 | 1 | 1,1 | 1,1 | 4 | 4 | 3,6 | 45.0 | 8 | 8,4 | 50,5 |
| –3 | 7 | 6,3 | 9,0 | 3 | 3,2 | 4,2 | 5 | 2 | 1,8 | 46.8 | 2 | 2,1 | 52,6 |
| –2 | 5 | 4,5 | 13,5 | 8 | 8,4 | 12,6 | 6 | – | – | .. | 2 | 2,1 | 54,7 |
| –1 | 15 | 13,5 | 27,0 | 10 | 10,5 | 23,2 | 7 | – | – | . | – | – | – |
| Geen | 29 | 26,1 | 26,1 | 20 | 21,1 | 21,1 | 8 | – | – | -- | 1 | 1,1 | 55,8 |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

Volharding behels die wilskrag wat nodig is om 'n taak wat aangepak is met moed en ywer deur te voer en hou betekenisvol verband met subtoets 3, skolastiese prestasie (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 4). Volgens tabel 7.5 het 46,8% seuns en 55,8% meisies daarin geslaag om hul deursettingsvermoë te versterk sedert hul tot die skool toegelaat is.

### 7.2.2 Die tweede groep subtoetse

Hierdie groep toetse waarvan die resultate in die volgende vyf tabelle aangegee word, word as die tweede belangrikste met betrekking tot die skoolsituasie gereken.

### *7.2.2.1 Begrip*

Hierdie subtoets meet die kind se belangstelling in teoretiese kennis en logiese denke, weetgierigheid en die vermoë om verskillende kennisvelde te ondersoek en te bespreek (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 4). Volgens tabel 7.6 het die skool daarin geslaag om by 50,4% seuns en 57,9% meisies hul leergierigheid te prikkel en te versterk.

| Tabel: 7.6 Prentemotiveringstoets. Subtoets: 6. *Begrip* Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 24 | 21,6 | 21,6 | 21 | 22,1 | 22,1 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 16 | 14,4 | 36,0 | 10 | 10,5 | 32,6 |
| –5 | 2 | 1,8 | 1,8 | – | – | – | 3 | 8 | 7,2 | 43,2 | 7 | 7,4 | 40,0 |
| –4 | 3 | 2,7 | 4,5 | – | – | – | 4 | 6 | 5,4 | 48,6 | 10 | 10,5 | 50,5 |
| –3 | 6 | 5,4 | 9,9 | 6 | 6,3 | 6,3 | 5 | – | – | – | 5 | 5,3 | 55,8 |
| –2 | 9 | 8,1 | 18,0 | 11 | 11,6 | 17,9 | 6 | 1 | 0,9 | 49,5 | 2 | 2,1 | 57,9 |
| –1 | 16 | 14,4 | 32,4 | 10 | 10,5 | 28,4 | 7 | 1 | 0,9 | 50,4 | – | – | – |
| Geen | 19 | 17,1 | 17,1 | 13 | 13,7 | 13,7 | 8 | – | – | – | – | – | – |
| Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | | |

### 7.2.2.2 *Ekshibisie*

| Tabel: 7.7 Prentemotiveringstoets. Subtoets: 7. *Ekshibisie* Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
| –7 | 1 | 0,9 | 0,9 | – | – | – | 1 | 12 | 10,3 | 10,3 | 13 | 13,7 | 13,7 |
| –6 | 1 | 0,9 | 1,8 | – | – | – | 2 | 17 | 15,3 | 25,6 | 14 | 14,7 | 28,4 |
| –5 | – | – | – | – | – | – | 3 | 6 | 5,4 | 31,0 | 7 | 7,4 | 35,8 |
| –4 | 7 | 6,3 | 8,1 | 2 | 2,1 | 2,1 | 4 | 7 | 6,3 | 37,3 | 4 | 4,2 | 40,0 |
| –3 | 5 | 4,5 | 12,6 | 11 | 11,6 | 13,7 | 5 | 4 | 3,6 | 40,9 | 8 | 8,4 | 48,4 |
| –2 | 14 | 12,6 | 25,2 | 13 | 13,7 | 27,4 | 6 | 1 | 0,9 | 41,8 | 1 | 1,1 | 49,5 |
| –1 | 17 | 15,3 | 40,5 | 4 | 4,2 | 31,6 | 7 | – | – | – | – | – | – |
| Geen | 19 | 17,1 | 17,1 | 17 | 17,9 | 17,9 | 8 | – | – | – | 1 | 1,1 | 50,6 |
| Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | | |

Die vermoë van kinders om aandag op hulself te vestig en om buitengewoon, kleurvol en vrymoedig te wees in hul omgang met andere word deur hierdie subtoets bepaal (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 4). Tabel 7.7 toon dat 41,8% seuns en 50,6% meisies gedurende die toetstydperk daarin geslaag het om met groter vrymoedigheid na vore te tree en na hulself om te sien. Dit kan ook gesien word as onafhanklikwording in sosiale optrede en besluitneming. Die

persentasie leerlinge wat met die hertoets geen betekenisvolle verskil getoon het nie, is by seuns sowel as meisies opmerklik laag.

*7.2.2.3 Orde*

Tabel: 7.8 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *8. Orde*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 19 | 17,1 | 17,1 | 27 | 28,4 | 28,4 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 6 | 5,4 | 22,5 | 12 | 12,6 | 41,0 |
| –5 | – | – | – | – | – | – | 3 | 11 | 9,9 | 32,4 | 4 | 4,2 | 45,2 |
| –4 | 3 | 2,7 | 2,7 | 1 | 1,1 | 1,1 | 4 | 8 | 7,2 | 39,6 | 2 | 2,1 | 47,3 |
| –3 | 4 | 3,6 | 6,3 | 1 | 1,1 | 2,1 | 5 | 1 | 0,9 | 40,5 | 4 | 4,2 | 51,5 |
| –2 | 13 | 11,7 | 18,0 | 7 | 7,4 | 9,5 | 6 | 1 | 0,9 | 41,4 | 1 | 1,1 | 52,6 |
| –1 | 21 | 18,9 | 36,9 | 17 | 17,9 | 27,4 | 7 | 1 | 0,9 | 42,3 | 1 | 1,1 | 53,7 |
| Geen | 23 | 20,7 | 20,7 | 17 | 17,9 | 17,9 | 8 | – | – | – | 1 | 1,1 | 54,8 |
| | | | Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | |

Orde, soos vervat in die Prentemotiveringstoets, verwys na daardie eienskap by mense wat hul noop om altyd georganiseerd, sistematies, beginselvas, beheers en gedissiplineerd op te tree (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 4). Tabel 7.8 toon dat 42,3% seuns en 54,8% meisies in hierdie opsig baat gevind het by hul verblyf in die skool.

*7.2.2.4 Prestasie (algemeen)*

Algemene prestasie by hierdie subtoets behels die vermoë om uitdagings te aanvaar en om moeilike take spoedig, onafhanklik en deeglik te bemeester (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 4). Tabel 7.9 toon dat 48,6% seuns en 46,3% meisies daarin geslaag het om hulle algemene prestasievermoë te verbeter. Daar is 'n betekenisvolle ooreenkoms tussen die neutrale groepe van hierdie subtoets en die vorige een by seuns sowel as meisies.

Tabel: 7.9 Prentemotiveringstoets. Subtoets: 9. *Prestasie (Algemeen)*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 19 | 17,1 | 17,1 | 12 | 12,6 | 12,6 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 13 | 11,7 | 28,8 | 12 | 12,6 | 25,2 |
| –5 | 1 | 0,9 | 0,9 | 2 | 2,1 | 2,1 | 3 | 11 | 9,9 | 38,7 | 9 | 9,5 | 34,7 |
| –4 | 3 | 2,7 | 3,6 | – | – | – | 4 | 5 | 4,5 | 43,2 | 8 | 8,4 | 43,1 |
| –3 | 2 | 1,8 | 5,4 | 4 | 4,2 | 6,3 | 5 | 5 | 4,5 | 47,7 | 1 | 1,1 | 44,2 |
| –2 | 12 | 10,8 | 16,2 | 12 | 12,6 | 18,9 | 6 | 1 | 0,9 | 48,6 | 2 | 2,1 | 46,3 |
| –1 | 16 | 14,4 | 30,6 | 16 | 16,8 | 35,8 | 7 | – | – | – | – | – | – |
| Geen | 23 | 20,7 | 20,7 | 17 | 17,9 | 17,9 | 8 | – | – | – | – | – | – |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

### 7.2.2.5 *Spel*

Tabel: 7.10 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *10. Spel*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 18 | 16,2 | 16,2 | 16 | 16,8 | 16,8 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 10 | 9,0 | 25,2 | 19 | 20,0 | 36,8 |
| –5 | – | – | – | – | – | – | 3 | 11 | 9,9 | 35,1 | 8 | 8,4 | 45,2 |
| –4 | 1 | 0,9 | 0,9 | 1 | 1,1 | 1,1 | 4 | 6 | 5,4 | 40,5 | 7 | 7,4 | 52,6 |
| –3 | 6 | 5,4 | 6,3 | 3 | 3,2 | 4,2 | 5 | 4 | 3,6 | 44,1 | 6 | 6,3 | 58,9 |
| –2 | 14 | 12,6 | 18,9 | 9 | 9,5 | 13,7 | 6 | 4 | 3,6 | 47,7 | 1 | 1,1 | 60,0 |
| –1 | 16 | 14,4 | 33,3 | 9 | 9,5 | 23,2 | 7 | 1 | 0,9 | 48,6 | – | – | – |
| Geen | 20 | 18,0 | 18,0 | 16 | 16,8 | 16,8 | 8 | – | – | – | – | – | – |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

Spel, in hierdie subtoets, verwys na daardie lewensblye eienskappe. Die leerling geniet dit om deel te hê in speletjies, partytjies en geniet dit om pret te maak. Hulle omgang met andere is speels, joviaal en vrolik (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 5). Leerlinge wat vir die eerste keer tot die kinderwetskool toegelaat word, toon oor die algemeen 'n hoë mate van angs as gevolg van traumatiese ondervindinge tydens die kinderhofverrigtinge en die skok wat gepaard gaan

met die verwydering uit die ouerhuis. Daar kan verwag word dat angs sal verminder deur die geborge lewe in die skool en dat lewensblyheid sal toeneem. Tabel 7.10 toon dat 48,6% seuns en 60% meisies betekenisvol baat gevind het in hierdie opsig tydens die proeftydperk in die skool.

### 7.2.3 Die derde groep subtoetse

Hierdie groep toetse word deur die opstellers as minder belangrik in die skoolsituasie, maar tog nog as belangrike komponente van motivering beskou.

#### *7.2.3.1 Beskerming*

Tabel: 7.11 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *11. Beskerming*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 19 | 17,1 | 17,1 | 14 | 14,7 | 14,7 |
| –6 | 1 | 0,9 | 0,9 | – | – | – | 2 | 13 | 11,7 | 28,8 | 11 | 11,6 | 26,3 |
| –5 | – | – | – | – | – | – | 3 | 17 | 15,3 | 44,1 | 10 | 10,5 | 36,8 |
| –4 | 4 | 3,6 | 4,5 | 1 | 1,1 | 1,1 | 4 | 3 | 2,7 | 46,8 | 8 | 8,4 | 45,2 |
| –3 | 6 | 5,4 | 9,9 | 3 | 3,2 | 4,2 | 5 | 1 | 0,9 | 47,7 | 3 | 3,2 | 48,4 |
| –2 | 11 | 9,9 | 19,8 | 7 | 7,4 | 11,6 | 6 | 1 | 0,9 | 48,6 | 2 | 2,1 | **50,5** |
| –1 | 12 | 10,8 | **30,6** | 4 | 4,2 | **15,8** | 7 | – | – | – | – | – | – |
| Geen | 23 | 20,7 | **20,7** | 32 | 33,7 | **33,7** | 8 | – | – | – | – | – | – |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

Hierdie subtoets meet die mens se geneigdheid om simpatiek te wees teenoor die hulpelose en hulp te verleen aan persone in nood (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 5). Tabel 7.11 toon dat 48,6% van die seuns en 50,5% meisies hierdie positiewe eienskappe kon versterk in die kinderwetskool. Die negatiewe persentasie by meisies is betekenisvol laer by hierdie subtoets as by die vorige subtoetse, naamlik 15,8%.

#### *7.2.3.2 Dominansie*

Dominansie verwys hier na positiewe leierseienskappe, soos byvoorbeeld om die

omgewing te wil beheer en ander se gedrag te probeer rig deur suggestie, oorreding en deur sterk uiting te gee aan eie menings (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 5). Uit tabel 7.12 kan afgelei word dat 52,2% seuns en 45,3% meisies hul aangebore leierseienskappe in die kinderwetskool kon ontwikkel.

Tabel: 7.12 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *12. Dominansie*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 12 | 10,8 | 10,8 | 11 | 11,6 | 11,6 |
| –6 | – | – | – | 1 | 1,1 | 1,1 | 2 | 20 | 18,0 | 28,8 | 12 | 12,6 | 24,2 |
| –5 | – | – | – | – | – | – | 3 | 15 | 13,5 | 42,3 | 7 | 7,4 | 31,6 |
| –4 | 1 | 0,9 | 0,9 | – | – | – | 4 | 5 | 4,5 | 46,8 | 8 | 8,4 | 40,0 |
| –3 | 6 | 5,4 | 6,3 | 5 | 5,3 | 6,3 | 5 | – | – | – | 2 | 2,1 | 42,1 |
| –2 | 11 | 9,9 | 16,2 | 11 | 11,6 | 17,9 | 6 | 5 | 4,5 | 51,3 | 3 | 3,2 | 45,3 |
| –1 | 13 | 11,7 | 27,9 | 8 | 8,4 | 26,3 | 7 | 1 | 0,9 | 52,2 | – | – | – |
| Geen | 22 | 19,8 | 19,8 | 27 | 28,4 | 28,4 | 8 | – | – | – | – | – | – |
| | | Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | |

### *7.2.3.3 Impulsiwiteit*

Tabel: 7.13 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *13. Impulsiwiteit*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 21 | 18,9 | 18,9 | 8 | 8,4 | 8,4 |
| –6 | 1 | 0,9 | 0,9 | 1 | 1,1 | 1,1 | 2 | 14 | 12,6 | 31,5 | 12 | 12,6 | 21,0 |
| –5 | 1 | 0,9 | 1,8 | 1 | 1,1 | 2,1 | 3 | 6 | 5,4 | 36,9 | 9 | 9,5 | 30,5 |
| –4 | 3 | 2,7 | 4,5 | 4 | 4,2 | 6,3 | 4 | 10 | 9,0 | 45,9 | 8 | 8,4 | 38,9 |
| –3 | 2 | 1,8 | 6,3 | 8 | 8,4 | 14,7 | 5 | 2 | 1,8 | 47,7 | 6 | 6,3 | 45,2 |
| –2 | 14 | 12,6 | 18,9 | 5 | 5,3 | 20,0 | 6 | 2 | 1,8 | 49,5 | 7 | 7,4 | 52,6 |
| –1 | 14 | 12,6 | 31,5 | 8 | 8,4 | 28,4 | 7 | – | – | – | 1 | 1,1 | 53,7 |
| Geen | 21 | 18,9 | 18,9 | 17 | 17,9 | 17,9 | 8 | – | – | – | – | – | – |
| | | Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | |

Impulsiwiteit dui op optrede op die ingewing van die oomblik; doen sonder om vooraf te oorweeg. Volgens tabel 7.13 hierbo het 49,5% seuns en 53,7% meisies in hierdie opsig verbeter tydens die proeftydperk van een jaar in die kinderwetskool.

### *7.2.3.4 Sosiale erkenning*

| Tabel: 7.14 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *14. Sosiale erkenning* Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
| –7 | 1 | 0,9 | 0,9 | – | – | – | 1 | 22 | 19,8 | 19,8 | 6 | 6,3 | 6,3 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 14 | 12,6 | 32,4 | 16 | 16,8 | 23,1 |
| –5 | 1 | 0,9 | 1,8 | 1 | 1,1 | 1,1 | 3 | 8 | 7,2 | 39,6 | 13 | 13,7 | 36,8 |
| –4 | 1 | 0,9 | 2,7 | 7 | 7,4 | 8,4 | 4 | 6 | 5,4 | 45,0 | 9 | 9,5 | 46,3 |
| –3 | 9 | 8,1 | 10,8 | 7 | 7,4 | 15,8 | 5 | 5 | 4,5 | 49,5 | 2 | 2,1 | 48,4 |
| –2 | 6 | 5,4 | 16,2 | 5 | 5,3 | 21,1 | 6 | 1 | 0,9 | 50,4 | 2 | 2,1 | 50,5 |
| –1 | 14 | 12,6 | 28,8 | 9 | 9,5 | 30,5 | 7 | – | – | – | – | – | – |
| Geen | 23 | 20,7 | 20,7 | 18 | 18,9 | 18,9 | 8 | – | – | – | – | – | – |
| Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | | |

Sosiale erkenning verwys na die neiging van mense om begaan te wees oor hulle eie reputasie, om agting van medemense af te dwing en om fatsoenlikheid, beleefdheid en korrektheid in die sosiale omgewing na te streef (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 5). Tabel 7.14 toon dat 50,4% seuns en 50,5% meisies verbeter het in hul omgang met medemense. Daar is 'n opmerklike ooreenkoms by die positiewe sowel as negatiewe persentasies van die seuns en meisies.

### *7.2.3.5 Steun*

Hierdie subtoets meet mense se neiging om afhanklik van andere te bly. Sulke persone soek voortdurend na simpatie, vertroosting en gerusstelling en skram daarvan weg om op eie bene te staan (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 6). Volgens tabel 7.15 het 54% seuns en 53,7% meisies daarin geslaag om betekenisvol in die rigting van onafhanklikwording te beweeg. Weer eens is daar 'n opvallende ooreenkoms tussen die positiewe persentasies van seuns en meisies.

Tabel: 7.15 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *15. Steun*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| −7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 18 | 16,2 | 16,2 | 13 | 13,7 | 13,7 |
| −6 | 2 | 1,8 | 1,8 | – | – | – | 2 | 11 | 9,9 | 26,1 | 11 | 11,6 | 25,3 |
| −5 | 2 | 1,8 | 3,6 | 1 | 1,1 | 1,1 | 3 | 12 | 10,8 | 36,9 | 9 | 9,5 | 34,8 |
| −4 | 4 | 3,6 | 7,2 | 1 | 1,1 | 2,1 | 4 | 10 | 9,0 | 45,9 | 8 | 8,4 | 43,2 |
| −3 | 5 | 4,5 | 11,7 | 6 | 6,3 | 8,4 | 5 | 5 | 4,5 | 50,4 | 2 | 2,1 | 45,3 |
| −2 | 10 | 9,0 | 20,7 | 9 | 9,5 | 17,9 | 6 | 3 | 2,7 | 53,1 | 3 | 3,2 | 48,5 |
| −1 | 14 | 12,6 | 33,3 | 5 | 5,3 | 23,2 | 7 | 1 | 0,9 | 54,0 | 4 | 4,2 | 52,7 |
| Geen | 14 | 12,6 | 12,6 | 22 | 23,2 | 23,2 | 8 | – | – | – | 1 | 1,1 | 53,7 |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

### 7.2.4 Die Vierde groep subtoetse

Hierdie groep toetse is minder belangrik in die skoolsituasie, maar behels persoonlikheidseienskappe wat 'n invloed op die vlak van motivering by die leerling kan hê.

#### *7.2.4.1 Leedvermyding*

Tabel: 7.16 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *16. Leedvermyding*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| −7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 10 | 9,0 | 9,0 | 6 | 6,3 | 6,3 |
| −6 | 1 | 0,9 | 0,9 | 1 | 1,1 | 1,1 | 2 | 12 | 10,8 | 19,8 | 17 | 17,9 | 24,2 |
| −5 | 2 | 1,8 | 2,7 | – | – | – | 3 | 11 | 9,9 | 29,7 | 10 | 10,5 | 34,7 |
| −4 | 6 | 5,4 | 8,1 | 5 | 5,3 | 6,3 | 4 | 9 | 8,1 | 37,8 | 10 | 10,5 | 45,2 |
| −3 | 10 | 9,0 | 17,1 | 3 | 3,2 | 9,5 | 5 | 2 | 1,8 | 39,6 | 2 | 2,1 | 47,3 |
| −2 | 10 | 9,0 | 26,1 | 7 | 7,4 | 16,8 | 6 | 2 | 1,8 | 41,4 | 6 | 6,3 | 53,6 |
| −1 | 15 | 13,5 | 39,6 | 12 | 12,6 | 29,5 | 7 | 1 | 0,9 | 42,3 | – | – | – |
| Geen | 19 | 17,1 | 17,1 | 16 | 16,8 | 16,8 | 8 | 1 | 0,9 | 43,2 | – | – | – |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

Om leed en pyn te probeer vermy is 'n aangebore neiging by alle mense. In hierdie subtoets verwys dit egter na 'n onnatuurlike vrees vir liggaamlike leed, pyn, siekte en die dood. Mense met hierdie eienskap ondervind normaalweg ook 'n hoë vlak van angs (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 6). Tabel 7.16 hierbo toon dat 43,2% seuns en 53,6% meisies betekenisvol positief getoets het op hierdie aspek na 'n jaar in die kinderwetskool.

*7.2.4.2 Selfvernedering*

Tabel: 7.17 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *17. Selfvernedering*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 20 | 18,0 | 18,0 | 14 | 14,7 | 14,7 |
| –6 | 1 | 0,9 | 0,9 | 2 | 2,1 | 2,1 | 2 | 14 | 12,6 | 30,6 | 12 | 12,6 | 27,3 |
| –5 | 1 | 0,9 | 1,8 | – | – | – | 3 | 9 | 8,1 | 38,7 | 11 | 11,6 | 38,9 |
| –4 | 7 | 6,3 | 8,1 | 2 | 2,1 | 4,2 | 4 | 6 | 5,4 | 44,1 | 10 | 10,5 | 49,4 |
| –3 | 6 | 5,4 | 13,5 | 4 | 4,2 | 8,4 | 5 | 9 | 8,1 | 52,2 | 7 | 7,4 | 56,8 |
| –2 | 7 | 6,3 | 19,8 | 8 | 8,4 | 16,8 | 6 | 1 | 0,9 | 53,1 | 2 | 2,1 | 58,9 |
| –1 | 14 | 12,6 | 32,4 | 6 | 6,3 | 23,2 | 7 | 2 | 1,8 | 54,9 | 1 | 1,1 | 60,0 |
| Geen | 14 | 12,6 | 12,6 | 16 | 16,8 | 16,8 | 8 | – | – | – | – | – | – |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

Selfvernedering verwys na die eienskap van mense om hulself gedweë te onderwerp aan eksterne magte; die geneigdheid tot versoening met eie lot; die aanvaarding van kritiek en straf met gelatenheid en apologetiese, minderwaardige en selfvernederende gedrag in die algemeen (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 6). Uit tabel 7.17 blyk dat 54,9% seuns en 60% meisies daarin geslaag het om met meer daadkrag na hulself om te sien na verloop van die proeftydperk in die kinderwetskool.

*7.2.4.3 Sintuiglike genot*

Sintuiglike genot in subtoets 7.18 hieronder behels die najaging van genotvolle en sensuele belewenisse terwyl die verantwoordelikheid van minder genotvolle pligte opsy geskuif word of op slinkse wyse ontduik word (RGN,

PMT-handleiding, 1980 : 6). Uit tabel 7.18 is dit duidelik dat 49,5% seuns en 52,8% meisies 'n beter balans tussen plesier en verantwoordelike pligte kon handhaaf na 'n jaar in die kinderwetskool.

Tabel: 7.18 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *18. Sintuiglike genot*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | 1 | 1,1 | 1,1 | 1 | 22 | 19,8 | 19,8 | 13 | 13,7 | 13,7 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 22 | 19,8 | 39,6 | 15 | 15,8 | 29,5 |
| –5 | 1 | 0,9 | 0,9 | 1 | 1,1 | 2,1 | 3 | 3 | 2,7 | 42,3 | 8 | 8,4 | 37,9 |
| –4 | 4 | 3,6 | 4,5 | 1 | 1,1 | 3,2 | 4 | 4 | 3,6 | 45,9 | 7 | 7,4 | 45,3 |
| –3 | 4 | 3,6 | 8,1 | 3 | 3,2 | 6,3 | 5 | 3 | 2,7 | 48,6 | 3 | 3,2 | 48,5 |
| –2 | 10 | 9,0 | 17,1 | 9 | 9,5 | 15,8 | 6 | 1 | 0,9 | 49,5 | 3 | 3,2 | 51,7 |
| –1 | 13 | 11,7 | 28,8 | 12 | 12,6 | 28,4 | 7 | – | – | – | – | – | – |
| Geen | 24 | 21,6 | 21,6 | 18 | 18,9 | 18,9 | 8 | – | – | – | 1 | 1,1 | 52,8 |
| Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | | |

## 7.2.4.4 *Verandering*

Tabel: 7.19 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *19. Verandering*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 15 | 13,5 | 13,5 | 12 | 12,6 | 12,6 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 14 | 12,6 | 26,1 | 9 | 9,5 | 22,1 |
| –5 | 3 | 2,7 | 2,7 | 2 | 2,1 | 2,1 | 3 | 13 | 11,7 | 37,8 | 11 | 11,6 | 33,7 |
| –4 | 3 | 2,7 | 5,4 | 3 | 3,2 | 5,3 | 4 | 7 | 6,3 | 44,1 | 4 | 4,2 | 37,8 |
| –3 | 4 | 3,6 | 9,0 | 3 | 3,2 | 8,4 | 5 | 5 | 4,5 | 48,6 | 2 | 2,1 | 40,0 |
| –2 | 11 | 9,9 | 18,9 | 11 | 11,6 | 20,0 | 6 | 2 | 1,8 | 50,4 | 5 | 5,3 | 45,3 |
| –1 | 10 | 9,0 | 27,9 | 9 | 9,5 | 29,5 | 7 | 1 | 0,9 | 51,3 | – | – | – |
| Geen | 23 | 20,7 | 20,7 | 24 | 25,3 | 25,3 | 8 | – | – | – | – | – | – |
| Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | | |

Verandering dui hier op avontuurlustigheid. Dit behels die vermoë om nuwe ondervindings te soek en maklik by veranderde omstandighede aan te pas, en

roetine te vermy (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 6). Van die seuns het 51,3% en van die meisies 43,3% betekenisvolle positiewe tellings behaal in hierdie subtoets.

### *7.2.4.5 Verdediging*

Tabel: 7.20 Prentemotiveringstoets. Subtoets: *20. Verdediging*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| −7 | – | – | – | 1 | 1,1 | 1,1 | 1 | 28 | 25,2 | 25,2 | 11 | 11,6 | 11,6 |
| −6 | 1 | 0,9 | 0,9 | 2 | 2,1 | 3,2 | 2 | 9 | 8,1 | 33,3 | 6 | 6,3 | 17,9 |
| −5 | – | – | – | 1 | 1,1 | 4,2 | 3 | 11 | 9,9 | 43,2 | 10 | 10,5 | 28,4 |
| −4 | 5 | 4,5 | 5,4 | 1 | 1,1 | 5,3 | 4 | 5 | 4,5 | 47,7 | 3 | 3,2 | 31,6 |
| −3 | 3 | 2,7 | 8,1 | 9 | 9,5 | 14,7 | 5 | 5 | 4,5 | 52,2 | 3 | 3,2 | 34,8 |
| −2 | 12 | 10,8 | 18,9 | 10 | 10,5 | 25,3 | 6 | – | – | – | 3 | 3,2 | 38,0 |
| −1 | 16 | 14,4 | 33,3 | 18 | 18,9 | 44,2 | 7 | – | – | – | – | – | – |
| Geen | 16 | 14,4 | 14,4 | 17 | 17,9 | 17,9 | 8 | – | – | – | – | – | – |
| Seuns: N = 111 | | | | | | | Meisies: N = 95 | | | | | | |

Verdediging verwys na persone wat vinnig is om hulself te verdedig teen kritiek, aanval of blaam. Hulle is geneig om hul eie mislukkings te verswyg, te regverdig of te rasionaliseer en om ander onder verdenking te plaas (RGN, PMT-handleiding, 1980 : 6). Tabel 7.20 toon 'n positiewe persentasie van 52,2% by seuns terwyl dié van die meisies relatief laag op 38% staan. Die grootste verskil tussen die positiewe tellings van seuns en meisies kom by hierdie subtoets voor.

### 7.2.5 Samevatting van die resultate van die PMT

Tabel 7.21 hieronder gee 'n samevatting van die resultate van die twintig subtoetse van die Prentemotiveringstoets. Uit die onderstaande opsommingstabel is dit duidelik dat die suksessyfer van die kinderwetskool, soos gemeet met die Prentemotiveringstoets op 49,2% vir seuns en 51,8% vir dogters te staan kom. Dit is in ooreenstemming met die algemene verwagting van hoofde van verskillende kinderwetskole en amptenare van die Departement Nasionale Opvoeding soos vasgestel in onderhoude met genoemde persone (kyk bronnelys vir persone met wie onderhoude gevoer is).

Tabel 7.21 PMT. Gemiddelde Persentasie van Subtoetse

| | Seuns | | | Meisies | | |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Subtoetse | % Neg. | % Geen | % Pos. | % Neg. | % Geen | % Pos. |
| 1. Kognitiewe Struktuur | 29,7 | 18,0 | 52,2 | 29,5 | 20,0 | 50,6 |
| 2. Aggressie | 35,1 | 20,7 | 44,1 | 36,8 | 26,3 | 37,0 |
| 3. Skolastiese Prestasie | 28,8 | 18,9 | 52,2 | 24,2 | 12,6 | 63,1 |
| 4. Affiliasie | 29,7 | 18,9 | 51,3 | 32,6 | 11,6 | 55,9 |
| 5. Volharding | 27,0 | 26,1 | 46,8 | 23,2 | 21,1 | 55,8 |
| 6. Begrip | 32,4 | 17,1 | 50,4 | 28,4 | 13,7 | 57,9 |
| 7. Ekshibisie | 40,5 | 17,1 | 41,8 | 31,6 | 17,9 | 50,6 |
| 8. Orde | 36,9 | 20,7 | 42,3 | 27,4 | 17,9 | 54,8 |
| 9. Prestasie Algemeen | 30,6 | 20,7 | 48,6 | 35,8 | 17,9 | 46,3 |
| 10. Spel | 33,3 | 18,0 | 48,6 | 23,2 | 16,8 | 60,0 |
| 11. Beskerming | 30,6 | 20,7 | 48,6 | 15,8 | 33,7 | 50,5 |
| 12. Dominansie | 27,9 | 19,8 | 52,2 | 26,3 | 28,4 | 45,3 |
| 13. Impulsiwiteit | 31,5 | 18,9 | 49,5 | 28,4 | 17,9 | 53,7 |
| 14. Sosiale Erkenning | 28,8 | 20,7 | 50,4 | 30,5 | 18,9 | 50,5 |
| 15. Steun | 33,3 | 12,6 | 54,0 | 23,2 | 23,2 | 53,7 |
| 16. Leedvermyding | 39,6 | 17,1 | 43,2 | 29,5 | 16,8 | 53,6 |
| 17. Selfvernedering | 32,4 | 12,6 | 54,9 | 23,2 | 16,8 | 60,0 |
| 18. Sintuiglike Genot | 28,8 | 21,6 | 49,5 | 28,4 | 18,9 | 52,8 |
| 19. Verandering | 27,9 | 20,7 | 51,3 | 29,5 | 25,3 | 45,3 |
| 20. Verdediging | 33,3 | 14,4 | 52,2 | 44,2 | 17,9 | 38,0 |
| Gemiddelde Persentasie: PMT | 32,0 | 18,8 | 49,2 | 28,6 | 19,7 | 51,8 |

### 7.3 Resultate van die Interpersoonlike verhoudingsvraelys

Hierdie toets bestaan uit dertien subtoetse wat onder vier hoofde ingedeel is, naamlik persoonlike verhoudinge, huislike verhoudinge, sosiale verhoudinge en formele verhoudinge. Die resultate word in die volgende dertien tabelle weergegee. Die tabelle is op dieselfde wyse saamgestel as die van die Prentemotiveringstoets (Kyk par. 7.1).

#### 7.3.1 Persoonlike verhoudinge

Die eerste vyf tabelle handel oor persoonlikheidseienskappe in konteks tot interpersoonlike verhoudinge.

#### *7.3.1.1 Selfvertroue*

Hierdie subtoets bepaal selfvertroue by die adolessent deur vas te stel hoe seker hy is dat hy take wat hy aanpak sal kan deurvoer en in watter mate hy sal tevrede wees met die resultate (RGN, IVV-handleiding, 1981 : 4). Volgens tabel 7.22 het 54,9% seuns en 59% meisies daarin geslaag om hul selfvertroue en vasberadenheid met betrekking tot take wat hul opgelê word betekenisvol te verbeter.

Tabel: 7.22 Interpersoonlike Verhoudingsvraelys. Subtoets: *1. Selfvertroue*
Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets

| Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % | Verskil | Seuns | % | Kum % | Meisies | % | Kum % |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| –7 | – | – | – | – | – | – | 1 | 16 | 14,4 | 14,4 | 27 | 28,4 | 28,4 |
| –6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 24 | 21,6 | 36,0 | 10 | 10,5 | 38,9 |
| –5 | – | – | – | – | – | – | 3 | 13 | 11,7 | 47,7 | 8 | 8,4 | 47,3 |
| –4 | 1 | 0,9 | 0,9 | 1 | 1,1 | 1,1 | 4 | 5 | 4,5 | 52,2 | 5 | 5,3 | 52,6 |
| –3 | 4 | 3,6 | 4,5 | 3 | 3,2 | 4,2 | 5 | 1 | 0,9 | 53,1 | 5 | 5,3 | 57,9 |
| –2 | 12 | 10,8 | 15,3 | 4 | 4,2 | 8,4 | 6 | 1 | 0,9 | 54,0 | 1 | 1,1 | 59,0 |
| –1 | 15 | 13,5 | 28,8 | 12 | 12,6 | 21,1 | 7 | – | – | – | – | – | – |
| Geen | 18 | 16,2 | 16,2 | 19 | 20,0 | 20,0 | 8 | 1 | 0,9 | 54,9 | – | – | – |

Seuns: N = 111 Meisies: N = 95

### *7.3.1.2 Eiewaarde*

| Tabel: 7.23 Interpersoonlike Verhoudingsvraelys. Subtoets: 2. *Eiewaarde* Verskille in Staneges tussen Toets en Hertoets | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % | Ver-skil | Seuns | % | Kum % | Mei-sies | % | Kum % |
| -7 | – | – | – | 1 | 1,1 | 1,1 | 1 | 30 | 27,0 | 27,0 | 21 | 22,1 | 22,1 |
| -6 | – | – | – | – | – | – | 2 | 17 | 15,3 | 42,4 | 13 | 13,7 | 35,8 |
| -5 | – | – | – | – | – | – | 3 | 7 | 6,3 | 48,7 | 14 | 14,7 | 50,5 |
| -4 | – | – | – | 1 | 1,1 | 2,1 | 4 | 7 | 6,3 | 55,0 | 5 | 5,3 | 55,8 |
| -3 | 4 | 3,6 | 3,6 | 3 | 3,2 | 5,3 | 5 | 5 | 4,5 | 59,5 | 2 | 2,1 | 57,9 |
| -2 | 4 | 3,6 | 7,2 | 7 | 7,4 | 12,6 | 6 | 4 | 3,6 | 63,1 | 1 | 1,1 | 59,0 |
| -1 | 16 | 14,4 | 21,6 | 11 | 11,6 | 24,2 | 7 | 1 | 0,9 | 64,0 | – | – | – |
| Geen | 15 | 13,5 | 13,5 | 15 | 15,8 | 15,8 | 8 | 1 | 0,9 | 64,9 | 1 | 1,1 | 60,1 |
| Seuns: N=111 | | | | | | | Meisies: N=95 | | | | | | |

Die mate van eiewaarde wat by die leerling aanwesig is, word deur hierdie subtoets afgelei uit: (a) sy tevredenheid met homself (selfaanvaarding); (b) die mate waarin hy kans sien om die standaarde en norme van die samelewing na te kom; (c) die kongruensie tussen dit wat hy dink hy is en wat andere van hom verwag; en (d) die mate waarin hy homself opweeg teen lede van sy eie ouderdomsgroep en deur hulle aanvaar word (RGN, IVV-handleiding, 1981 : 4). Tabel 7.23 toon dat 64,9% seuns en 60,1% meisies hul selfbeeld verbeter het in die kinderwetskool.

### *7.3.1.3 Selfbeheersing*

